# Mense van die Weg

Handelinge 19:23



moreleta
kerk

**‘n Nuwe begin**

Hoe maak ‘n mens dissipels van jong bekeerlinge en lidmate binne gemeentes?
*Hoe aktiveer ‘n mens Christene in gemeentes om as dissipels te groei en ook dissipelmakers te word?* Daar is ‘n gebrek aan werkers. In die gemeentes sit honderde duisende mense wat gered is en wat toegerus en gemotiveer kan word. Dit sal die probleem oplos van te min werkers. Die vraag is: *Hoe doen ‘n mens dit?*
Die proses wat ek hieruit ontwikkel het, noem ek ‘mense van die Weg’ – dit fokus of die maak van dissipels en dissipelmakers in klein mikro groepe.

**1. Wat is die fokus van”Mense van die Weg”?**
**”Mense van die Weg”** fokus primêr op gemeentes en bestaande Christene: om hulle dissipels en dissipel-makers te maak – ‘n paar individue op ‘n slag.

**Wat gebeur tydens hierdie proses van toerusting?**

- Persoonlike groei as dissipels.
- Intensionele vermenigvuldiging van dissipelmakers.
- In diens opleiding van evangeliste.
- Gefokusde gebed
- Dit is ‘n intensiewe proses wat lei tot vinniger geestelike groei.
- Dit is ‘n basie kurrikulum om mense te help om geestelik te groei en te vermenigvuldig.
- Dit is ‘n eenvoudige reproduseerbare proses.
- Die maak van dissipels en dissipelmakers vind plaas binne ‘n gemeenskap van gelowiges.

**Jesus se uitnodiging en opdrag:**

*Kom volg My. Ek sal julle vissers van mense maak* (Matt 4:19).

*Gaan heen en maak dissipels van al die nasies* (Matt 28:19).

Daar is 'n verhaal oor wat gebeur het toe Jesus ná sy hemelvaart in die hemel aangekom het. Almal het Hom verwelkom. Die engele was net só opgewonde toe hulle hoor wat Hy aan die kruis vermag het, die opstanding en baie ander dinge. Hulle het dadelik gesê: Stuur ons asseblief om vir almal te gaan vertel wat U vir hulle gedoen het. Toe sê Jesus: *Nee, julle kan nie gaan nie. Ek het 12 manne opgelei en vir hulle gesê om die evangelie na die hele wêreld te neem.* Daar was 'n swaar en ongemaklike stilte. Uiteindelik het een van die engele gevra: Is daar 'n Plan B?
Jesus het geantwoord: *Daar is net 'n Plan A.*
As ons Plan A implementeer, is geen ander plan nodig nie.

**Die Metode: Discovery Bible Study**

Die kern van 'n DBS is in die eerste plek om elke persoon in die groep toe te laat om self te ontdek wat die Heilige Gees vir hulle sê.

Die tweede beginsel is om te weg te beweeg van slegs groei in kennis/inligting na ‘n baie sterker fokus te plaas of praktiese gehoorsaamheid.

*Die doel van ‘n DBS is nie om te preek of te onderrig nie.* Die Skrifgedeelte self is die onderrig materiaal en die Heilige Gees is die een wat onderrig en ook die waarheid en die wil van God aan ons wil openbaar. Die Heilige Gees help ons om te verstaan wat ons op daardie stadium nodig het om te weet.
**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

**Maak die volgende aktiwiteite deel van jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in ‘n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op ‘n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se “verantwoordelikheid” om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Week 1**

**Wat het Jesus gesê oor sekerheid van redding**

**Discovery Bible Study (DBS)**

**Fellowship**

Die doel van die fellowship is baie belangrik: Ons ondersteun mekaar, ons help met raad en uitdagings en ons vier dit wat goed is in ons lewens.
Vrae:
1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

**Die Woord**

**Die Skrifgedeeltes waarop gefokus word:**

**Matteus 4:17-22, 9:9 en Johannes 1:43**

Lees die Skrifgedeeltes.

Maak julle Bybels toe – vertel sonder interpretasie die storie – wat het jy gehoor?

Lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van 3 vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte? (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte? (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. *Wat dink jy: Waarom is hierdie gedeelte in die Bybel?*

**Gehoorsaamheid:**
Van inligting tot gehoorsaamheid: Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. Ons moet oorgaan van inligting na gehoorsaamheid:

Reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

*Hoe kan ek dit wat ek uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in my lewe?* Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie Skrifgedeelte? Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van hierdie Skrifgedeelte? Wat is

daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek.

Met wie kan ek praat oor wat ek in hierdie Skrifgedeeltes geleer het?

**Bid saam.** Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God vir julle gesê het.

**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in ‘n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op ‘n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se “verantwoordelikheid” om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Verdere Studie in jou stiltetyd:**
**Dag 1: Ons kan seker wees van ons redding omdat ons seker kan wees van Jesus**

Lees die volgende Skrifgedeeltes biddend en vra die Heilige Gees om jou te leer.

*Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan* (Johannes 5:24).

*Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie* (Johannes 10:28).

*Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie* (Johannes 6:37).

Hoe weet ek dat ek gered is? Sekerheid van redding is altyd omdat ons seker kan wees van die kruis en opstanding van Jesus. Ons kan seker wees van wie Hy is en van wat Hy aan die kruis gedoen het, en ons kan seker wees van Sy opstanding. Ons kan seker wees van Sy karakter en beloftes. Dit gaan nooit oor wat ons gedoen het om "onsself gered te kry" nie, maar wat Jesus vir ons gedoen het!

Geloofsekerheid gaan nooit oor hoe goed of sleg ons is nie. Ons kan seker wees, want ons kan seker wees van Jesus. Soveel mense sal volkome geloofsekerheid ervaar indien hulle kan verstaan dat hulle nie van hulself seker hoef te wees nie. Sekerheid van verlossing is geanker in die feit dat ons seker kan wees van Jesus.

**Belangrik:** Hou aan om te bid vir die sewe ongeredde mense wat jy geïdentifiseer het. Wees sensitief vir die Heilige Gees en vra Hom hoe om vir hulle te bid. Die Heilige Gees mag vir jou ook ander individue wys wat nie gered is nie en gebed nodig het.

**Dag 2: Ons kan seker wees van ons verlossing omdat Jesus aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het.**

Lees die volgende Skrifgedeeltes biddend en vra die Heilige Gees om jou te leer.

*Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het* (Hebreërs 7:27).
*Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God* (Romeine 6:10).

Die Nuwe Testament leer dat die bloed van diere nie ons sondes kan afwas nie. Slegs die offer van 'n ander sondelose mens is geldig om vir ons sondes te betaal, want sonde, in die oë van God, is strafbaar met die dood.

Alle mense is sondaars. Een sondaar kan nie die boete vir 'n ander persoon se sonde betaal nie. Elkeen moet die straf vir sy eie sondes betaal. Maar toe Jesus as mens gekom het, het Hy 'n sondelose lewe gelei en kon Hy die straf vir ons sondes betaal. Nadat Jesus gesterf het, was geen ander offer nodig om vir ons sondes te betaal nie.

**Reageer op die Woord:** Wat sê die Heilige Gees vir jou uit hierdie gedeeltes? Watter nuwe openbaring het jy uit vandag se studie gekry?

**Belangrik:** Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld om jou. Hoe kan jy 'n seën vir ander mense wees? Onthou, wanneer ons bid, antwoord God. Hy sal mense wat nood het na jou stuur of Hy sal vir jou wys na wie toe om te gaan. Wees voorbereid.

**Dag 3: Die Opstanding: Ons kan seker wees dat ons gered is as gevolg van die opstanding van Jesus.**

*Maar as daar geen opstanding van die dooies is nie, dan is nie eens Christus opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking tevergeefs, en julle geloof is tevergeefs* (1 Korintiërs 15:14).

*Deur sy groot barmhartigheid het Hy ons nuwe geboorte gegee tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood en in 'n erfenis wat onverganklik, onbesmet en onverwelklik is, wat in die hemel gereserveer is vir u, wat deur die geloof beskerm word deur God se krag vir die verlossing wat gereed is om in die laaste tyd geopenbaar te word* (1 Petrus 1:3-5).

Dit is sinvol om eers *die hele 1 Korintiërs 15 te lees* voordat jy verder gaan. Kyk na die sentraliteit van die opstanding.

Josh MacDowell het gesê: "Die opstanding van Jesus kan in enige geregshof bewys word. Daar is genoeg bewyse daarvoor. Daar is oortuigende bewyse wat die opstanding bo redelike twyfel bewys." In sy boek *The Resurrection Factor* het hy sy bevindinge van sy studie oor die opstanding neergeskryf. Hier beskryf hy hoe hy die opstanding uit elke moontlike hoek bestudeer het.

Billy Graham: "Daar is meer bewyse dat Jesus uit die dood opgestaan het as dat Julius Caesar ooit geleef het of dat Alexander die Grote op drie-en-dertigjarige ouderdom gesterf het."

Jy moet tyd neem en seker maak jy verstaan die sentraliteit van die opstanding van Jesus. Om 1 Korintiërs 15 te lees en weer te lees, sal van groot waarde wees.
**Vraag om oor te besin:** Waarom moet ons beide die kruis en die opstanding beklemtoon wanneer ons mense van Jesus vertel en hoe om seker te wees van ewige verlossing?

**Dag 4: Daar staan geskrywe... Ons kan seker wees van ons redding omdat dit in die Bybel staan.**

*Ek skryf hierdie dinge aan julle wat in die Naam van die Seun van God glo, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het* (1 Johannes 5:13).

*Dit is geskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê* (Johannes 20:31).

*Maar die woorde "dit is vir hom gereken" is nie net ter wille van hom geskryf nie, maar ook vir ons s'n* (Romeine 4:23-24).

Van Genesis 1 tot Openbaring 22 is die Bybel God se geskrewe getuienis oor Sy werke en die redding van ons as mense. Toe Satan na Jesus gekom het tydens sy 40 dae van vas, het Satan gekom om Hom te versoek. Drie keer het Jesus vir Satan gesê: *"Daar staan geskrywe..."* en *"Daar staan ook geskrywe..."* Jesus verwys na die geskrewe woord van God (Ou Testament): Matteus 4:5, 7 en 10. Jesus het dikwels die Ou Testament aangehaal terwyl hy gesê het: *"Daar staan geskrywe..."* Matteus 2:5; Markus 9:13; Lukas 3:4; Lukas 6:5; Johannes 12:14). Jesus het die bewyse van Sy Godheid en dat hy die Messias is, gevind in die dinge wat oor Hom geskryf is.
Kyk mooi na die volgende: "Ek moet my geloof en gehoorsaamheid bou op: Daar staan geskrywe... of Die Bybel sê...

**Vraag om oor te besin:** Ons moet leef met die sekerheid dat alles wat ons sê en doen gebaseer is op wat in die Bybel staan. Hoe dikwels, wanneer jy mense se vrae antwoord, haal jy die Skrif aan om te verduidelik wat die Skrif daaroor sê?

**Dag 5: Nog redes waarom ons met volle sekerheid kan leef dat ons hemel toe sal gaan as ons Jesus as ons Here en Verlosser aangeneem het**

*Onthou...*

Ons word uit genade gered – nie ons werke of ons persoonlike bydraes nie. Genade is om iets te ontvang wat jy nie verdien nie. Romeine 6:23 beskryf dit so: Want die loon van die sonde is die dood, maar die gawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. Jesus het gekom vir sondaars en nie vir regverdige mense nie. As jy 'n sondaar is, kwalifiseer jy om gered te word.

Lukas 5:32 – Ek het nie gekom om die regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.

Jesus het gesê Hy het ons die reg gegee om kinders van God te wees. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Sy Naam glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word (Johannes 1:12).

Emosies kan verander, maar God verander nie. Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan U liefde Here, is daar geen einde nie (Psalm 138:8).
Emosies kan nooit bepaal wat waar of vals is nie. God se waarhede het nie 'n vervaldatum nie.

Jesus het een keer vir ons almal gesterf. Die offer is volkome en voldoende. Niks kan die kruis tot niet maak nie.

**Belangrik:** Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld om jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? God sal mense na jou toe stuur of jou na hulle toe. Bid vir voorbereide harte.

**Dag 6**
Op watter manier was jy die hande en voete van Jesus die laaste week/weke?

**Week 2**
**Wat Jesus gesê het oor Sy Heerskappy (Lordship)**

**Discovery Bible Study (DBS)**

**Fellowship**

Die doel van die fellowship is baie belangrik: Ons ondersteun mekaar, ons help met raad en uitdagings en ons vier dit wat goed is in ons lewens.
Vrae:
1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

**Die Woord**

**Die Skrifgedeeltes waarop gefokus word:**

**Johannes 1:12-13 en Johannes 3:16-18**

Lees die Skrifgedeeltes.

Maak julle Bybels toe – vertel sonder interpretasie die storie – wat het jy gehoor?

Lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van 3 vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte? (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte? (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. *Wat dink jy: Waarom is hierdie gedeelte in die Bybel?*

**Gehoorsaamheid**

Van inligting tot gehoorsaamheid: Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer? Ons moet oorgaan van inligting na gehoorsaamheid:

Reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

*Hoe kan ek dit wat ek uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in my lewe?* Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie Skrifgedeelte? Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van hierdie Skrifgedeelte? Wat is

daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek.

Met wie kan ek praat oor wat ek in hierdie Skrifgedeeltes geleer het?

**Bid saam.** Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God vir julle gesê het.

**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in 'n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op 'n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se "verantwoordelikheid" om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Verdere Studie in jou stiltetyd:**
**Dag 1: Die aanvaarding van die Koningskap van Christus**

Vandag is daar 'n groot fokus op Jesus as Verlosser, Sy liefde, genade en barmhartigheid. Maar oor die algemeen is daar beperkte fokus op Sy Koningskap omdat ons nie daarvan hou dat iemand oor ons "baasspeel" nie. Die wêreld en baie Christene verwerp die Koningskap van Jesus – en betaal 'n duur prys daarvoor. As ons nie God se liefde verstaan nie, Jesus se offer aan die kruis en die prys wat Hy betaal het om die hemel ter wille van ons te verlaat nie, sal Jesus beleef word as 'n tiran wat oor ons wil heers en Sy wil op ons wil afdwing. Mense sal nie kan sien dat vryheid slegs in die totale onderwerping aan die heerskappy van Christus moontlik is nie.

In die boek Handelinge is daar 92 verwysings waar Jesus as Here beskryf word en 747 keer in die hele Nuwe Testament. Daarteenoor word Jesus twee keer in Handelinge die Verlosser genoem en nog 24 keer in die res van die Nuwe Testament. Een van die kern boodskappe van die Bybel is dat "Jesus die Here is". Dit beteken Jesus Christus is die Kurios (Here), die Meester, oppermagtig bo elke ander mag.

Kyk na die volgende Skrifgedeeltes:
*In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here (But in your hearts honour Christ the Lord as holy* ) (1 Petrus 3:15).

*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word* (Romeine 10:9).

*Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is* (Matteus 7:21-23). Sendeling S.M. Swemer het gesê: "Tensy Jesus die Here van alles is, is Hy nie Here nie." (If Jesus is not Lord of all, He is not Lord at all.)

**Gehoorsaamheid:** Watter areas in jou lewe staan nie onder die heerskappy (Lordship) van Jesus nie? Vra die Heilige Gees om sulke areas vir jou uit te wys - areas van selfliefde en om "my eie baas" te wees.

**Belangrik:** Bid vandag vir die meer as 84 miljoen (2024) "internally displaced people" en vlugtelinge – a.g.v. oorlog, droogte en ander natuurrampe.

**Dag 2: Die Heerskappy van Christus is 'n harts ingesteldheid**

*Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul* (Kolossense 2:6-7).

*En Thomas sê vir Hom: My Here en my God!* (Johannes 20:28).

Jesus se Koningskap begin in ons harte. Dit is nie 'n stel reëls of 'n aantal leerstellings nie. Mense wat Jesus kan "sien" met hulle geestelike oë, sy soewereiniteit verstaan en aanvaar, onderwerp hulle vrywillig aan die heerskappy van Christus. Om Jesus te sien, lei tot twee reaksies: óf mense erken sy Koningskap en aanbid Hom, óf hulle verwerp Hom, kom in opstand teen Hom en haat Hom, omdat hulle sê: "Ek wil my eie mens wees", "the Captain of my soul." Jesus vra jou hele hart. Ons lees verskeie kere in die Skrif van mense wat dubbelhartig was – dit beteken hulle het twee gedagtes (Jakobus 1:8) of mense wat twee harte gehad het (letterlik vertaal: "'n hart en 'n hart" (1 Kronieke 12:33). Ons kan nie een hart vir Jesus en 'n ander vir onsself hê nie.

As ons sê Jesus is ons Here, moet ons doen wat Hy sê. Ons moet Hom gehoorsaam. So baie mense "commit" hulleself om Jesus te volg. "Commit" beteken dat ék besluit hoeveel ek gaan gee. Dit is nie 'n konsep wat ons in die Bybel vind nie. Die Bybel praat van oorgawe. Oorgawe beteken dat
ons alles prysgee – elke dag. Dit is 'n lewenslange reis van oorgawe aan Jesus. Daar is net een plek vir een persoon op die troon – Jesus deel nie sy troon nie.
**Gehoorsaamheid**: Is daar iets in jou lewe wat nie onder die Heerskappy van Christus staan nie? Hanteer dit. Om dit met iemand te deel en saam met iemand daaroor te bid, is soms baie waardevol.

**Belangrik:** Hou aan om te bid vir die sewe ongeredde mense wat jy geïdentifiseer het. Wees sensitief vir die Heilige Gees en vra Hom wat om vir hulle te bid. Die Heilige Gees sal ook vir jou ander ongeredde persone wys wat gebed nodig het.

**Dag 3: Jy kan Jesus nie Here maak nie. Hy is reeds Here**.

*God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here* (1 Korintiërs 1:9).

*Daar is nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe* (1 Korintiërs 8:6).

*Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees* (1 Korintiërs 12:3).

Elisabeth Elliot het gesê: "Totdat die wil en liefde onder die gesag van Christus gebring is, het ons nie nog nie begin om sy
Koningskap te verstaan nie, wat nog te sê om dit te aanvaar."

Adrian Rogers het bygevoeg: "Christenskap is nie 'n kafeteria-lyn waar jy sê: "Ek sal 'n bietjie redding vat, maar geen heerskappy op die oomblik nie. Dankie."

Jy kan Jesus nie Here maak nie. Hy is reeds Here. Daar is net twee dinge wat jy kan doen: óf jy onderwerp jou aan Hom óf jy verwerp Hom. Om onder die heerskappy van Jesus te leef, is die natuurlikste ding vir iemand wat Hom lief het. As jy Hom lief het, sal jy Hom gehoorsaam en jou ten volle aan Hom oorgee.

Ons moet die heerskappy van Jesus oor elke duim van ons lewens proklameer. In die lewe van die Christen is Sy heerskappy nie onderhandelbaar nie. Iemand het gesê: "'Jesus is Here' is nie my persoonlike opinie nie. Dit is 'n Goddelike werklikheid.'"

**Vraag:** Is Jesus Here oor elke faset van my lewe?

**Belangrik:** Wat is daar wat die Here God baie duidelik vir jou sê om te doen wat jy nie gewillig is om te doen nie? Wanneer gaan jy dit doen?

**Dag 4: Wanneer Jesus terugkom, sal daar geen twyfel wees oor wie die Here is nie**

Daar sal groot chaos wees wanneer die Here van die here en Koning van die konings (Openbaring 17:14) na die aarde terugkeer. Dit is baie duidelik uit Openbaring 6:15-17 –
*Die konings van die aarde, die hoofamptenare en die opperbevelhebbers, die rykes en die magtiges, ja, al die mense, slawe en vryes, het in die grotte en onder die kranse van die berge weggekruip. Hulle het vir die berge en die kranse gesê: Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam. Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?*
Francis Shaeffer het gesê dat Evangeliese Christene geneig is om baie aspekte van die lewe na die rand van hul lewens te skuif. Ten spyte van ons voortdurende gesprekke oor die heerskappy van Christus, het ons die omvang daarvan, verklein tot 'n baie klein deel van ons lewens.

Dit kom wydverspreid in evangelisasie voor dat mense uitgenooi word om Jesus as Verlosser te volg, maar nie om dit duidelik te maak dat mense Jesus ook as Here moet aanvaar nie. Ons moet Jesus as Here en Verlosser volg. Dit is onmoontlik om te sê Jesus is my Verlosser sonder om te sê Jesus is my Here.

Miskien is een van die regte redes waarom Christene nie na die ongereddes, die onbereiktes gaan nie, nie hulle hande vuil maak deur die armes te help, nie betrokke wil raak by slawe en mense wat uit gebuit word, betrokke te raak by 'n wêreld vol pyn, verlorenheid en gebrokenheid, omdat hulle nie Jesus se heerskappy ten volle wil aanvaar en hulle daaraan onderwerp nie. Die Gees roep

mense voortdurend op om betrokke te raak by die behoeftes van mense. Die meerderheid sê egter net eenvoudig "Nee". Dit beteken ons verwerp
Jesus as Here. Die probleem is nie dat God ons roep om te gaan nie, maar dat mense bloot net vir die God van die heelal sê: "Nee, ek het my eie dinge om te doen. U het my gered, maar los my nou uit asseblief."

**Gehoorsaamheid**: Kan ander sien dat Jesus die Here van jou lewe is? Hoekom nie?

**Belangrik:** Wanneer het jy laas met iemand gepraat oor die ewigheid of net vir iemand gevra: “Wat dink jy beteken dit wanneer die Bybel sê Jesus is die Here?”

**Dag 5: Ware vryheid is slegs moontlik in die aanvaarding van die heerskappy van Christus. Ons huidige samelewing bewys dit.**

Die vroeë kerk se eerste "Belydenis van Geloof" was: Jesus is die Kurios. Ons moet onsself voortdurend afvra: Is dit ook ons eerste en belangrikste belydenis? Die samelewing van daardie tyd het gesê: Caesar is die Kurios. Kurios is die Griekse woord vir Here.

**'n Persoonlike vraag:** Hoe groot is jou God? As jy aan Hom dink, wat is Hy in staat om te doen? Wat ons bid openbaar baie meer oor ons siening van die heerskappy van Christus as wat ons bereid is om te erken. Wanneer jy bid, onthou jy Sy wonderwerke, genesings, die storm wat Hy stilgemaak het, die dooies wat opgewek is en Sy lewe wat mense verbaas het as gevolg van Sy woorde, dade en die resultaat daarvan?

**Dag 6**
**‘n Uitreik:** Doen ‘n uitreik na ‘n area waar mense in wanhoop en geestelike donkerte lewe - waar daar armoede, verslawing, verontregting en emosionele pyn is. Gaan praat met die mense oor hulle fisiese en geestelike nood. Vra húlle wat hulle grootste nood is. Bid vir hulle. Vra hulle om vir jou te bid vir jou behoeftes. Vra die Here vir maniere om ‘n verskil te maak.

**Week 3**

**Wat Jesus gesê het oor die Woord**

**Discovery Bible Study (DBS)**

**Fellowship**

Die doel van die fellowship is baie belangrik: Ons ondersteun mekaar, ons help met raad en uitdagings en ons vier dit wat goed is in ons lewens.
Vrae:
1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

**Die Woord**

**Die Skrifgedeeltes waarop gefokus word:**

**Matteus 13:1-9 en 13:18-23**

Lees die Skrifgedeeltes.

Maak julle Bybels toe – vertel sonder interpretasie die storie – wat het jy gehoor?

Lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van 3 vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte? (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte? (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. *Wat dink jy: Waarom is hierdie gedeelte in die Bybel?*

**Gehoorsaamheid**

Van inligting tot gehoorsaamheid: Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer? Ons moet oorgaan van inligting na gehoorsaamheid:

Reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

*Hoe kan ek dit wat ek uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in my lewe?* Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie Skrifgedeelte? Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van hierdie Skrifgedeelte? Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek.

Met wie kan ek praat oor wat ek in hierdie Skrifgedeeltes geleer het?

**Bid saam.** Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God vir julle gesê het.

**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in ‘n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op ‘n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se “verantwoordelikheid” om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Verdere Studie in jou stiltetyd:**
**Dag 1: Die doel van die Woord**

Die Bybel is die Waarheid. Daarom is die Bybel die finale bron van gesag en maatstaf vir waarheid. Elke openbaring, preek, opinie, siening van teoloë of skrywers moet getoets word aan wat die Bybel sê. Die Bybel is die finale gesag. Die Bybel is ons standaard vir lewe - nie mense se menings nie.

Elke mens moet op een of ander stadium 'n persoonlike besluit neem wat hy of sy as die finale bron van gesag in sy lewe gaan aanvaar. Vir die Christen is die Bybel die Woord van God en die enigste bron van waarheid oor die dinge waaroor die Bybel homself uitspreek.

Timoteus 3:16-17: *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

Psalm 119:105: *U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.*

Romeine 12:2: *Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.*

Skryf drie tot vyf dinge neer wat vir jou uitstaan wanneer jy hierdie Skrifgedeeltes lees.

Hoe dink jy wil God (die Vader/Jesus/die Heilige Gees) hê jy moet hierdie waarhede in jou eie lewe toepas en integreer?

Aan watter een van die dinge wat die Heilige Gees vir jou uitwys, gaan jy dadelik aandag gee?

**Belangrik:** Hoe bou 'n mens vriendskapsverhoudings? (1) Bid en begin gesprekke. (2) Vra vrae. (3) Luister na die ander persoon. (4) Getuienis - vertel hoe jy tot bekering gekom het en wat Jesus kom doen het.

**Dag 2: Die Woord en die wil van God**

Dit is van fundamentele belang om 'n heilige lewe te lei, die Woord te gehoorsaam, God se Woord te ken, in die krag van die Heilige Gees te lewe en om in elke situasie God se wil te kies.

Jesus het gesê - *My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi* (Johannes 4:34-35).
Vir Jesus was die Woord van God sy voedsel en die plek waar Hy die wil van die Vader gevind het. Die volgende vier dinge word deur Jesus beskryf as die wil van God. Daar is meer sake, maar kom ons kyk na die volgende:

Glo in Jesus - *Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê* (Johannes 6:40).

Soek die koninkryk van God - *Jesus het gesê: Soek eers die koninkryk van God en die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee* (Matteus 6:33).

*Gehoorsaam God se bevele - As julle My lief het, sal julle my opdragte uitvoer* (Johannes 14:15).

Om goeie vrugte te dra - *My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is* (Johannes 15:8).

**Gehoorsaamheid:** Wat sê die Heilige Gees vir jou uit hierdie Skrifgedeeltes? Wat moet jy daaraan doen – *hoe moet jy gehoorsaam wees?* Watter keuses is daar wat jy moet maak in die lig van hierdie Skrifgedeeltes?

**Dag 3: Besin/mediteer oor die Woord**

Maak jou hart stil voor God en vra Hom wat Hy vir jou deur hierdie gedeelte wil sê.

Josua 1:1-9 – Lees die gedeelte.

Vra vir jouself die vraag: Wat leer ek oor God uit hierdie Skrifgedeelte – sy karakter, sy wese, sy beloftes, sy bevele, die wyse waarop hy werk?

Lees weer verse 8-9 - *Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. Ekself gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan*.

Wat dink jy wil die Heilige Gees vir jou persoonlik uit hierdie gedeelte wys? Besin veral oor die volgende drie vrae:

Wat is die rol van verse 8-9 in hierdie gedeelte? Wat moet Josua doen om sterk en vasberade te kan wees?

In watter areas van jou lewe moet jy hierdie beginsels toepas?

Is daar iemand met wie jy hierdie waarheid kan deel en bespreek?

Aktiewe meditasie, besinning oor Skrifgedeeltes, om op die Gees van die Here te wag om die Skrif vir jou oop te breek, is die begin van 'n nuwe proses van geestelike groei. Begin altyd met die vraag: Wat leer ek van Jesus uit hierdie Skrifgedeelte? Hoe moet ek dit deel maak van my lewe? Vra dieselfde vra ook oor die Vader en God die Heilige Gees.

**Belangrik:** Weet jy van enige persoon wat siek is. Gaan bid vir die persoon. Gaan bedien die persoon met die liefde van die Here Jesus. Dit is ons taak om te gaan bid. Dit is die Heilige Gees wat genees.

**Dag 4: Die krag van die Woord**

Besin eers deeglik oor Hebreërs 4:12-13

*Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor Sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.*

Waarop vestig die Heilige Gees jou aandag wanneer jy hierdie gedeelte lees? Waarom dink jy is hierdie twee verse in die Bybel?

Vra die Heilige Gees om vir jou te leer wat dit beteken dat die Woord van God "lewend en aktief" is.

Lees Openbaring 19:13 – *Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: Die Woord van God. Vra die Heilige Gees om asseblief vir jou te leer wat dit beteken dat Jesus Die Woord van God is.*

Dit beteken Jesus is die Woord en Hy praat die woorde van God, Sy Vader.

Lees nou ook Johannes 1:1-3. Wat sê dit van Jesus as die Woord? *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.*
**Vraag:** Wat leer ek oor God uit Openbaring 19:13? Wat leer ek oor myself uit hierdie Skrifgedeelte? Wat sê die Heilige Gees vir my wat ek doen na aanleiding van hierdie Skrifgedeelte?

**Belangrik:** Bid vir geleenthede om waar moontlik jou getuienis en die evangelie met mense te deel. Bid vir ten minste een geestelike gesprek hierdie week.

**Dag 5: Die ewige Woord van God**

Petrus 1:22-25 – *Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. Die Skrif sê: "Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dít bly vir ewig."*

Matteus 24:35 – *Die hemel en die aarde sal vergaan, maar My woorde nooit.*

Openbaring 22:19 – *As iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.*
Vra die Heilige Gees om met jou te praat vanuit die volgende Skrifgedeeltes. Vra Hom vir dieper openbaring. Hierdie gedeeltes sê baie meer as net dat die Bybel, die Woord van God, ewig is. Ons moet verstaan dat wanneer ons die Bybel lees, dit nie 'n paar goeie gedagtes is nie. Ons lees van ewige werklikhede – daarom moet ons noukeurig ag slaan op wat dit sê.

**Vraag:** Wat leer ek oor God uit hierdie drie Skrifgedeeltes? Wat leer ek oor myself oor mense uit hierdie Skrifgedeeltes? Wat is daar wat ek moet gehoorsaam?

**Belangrik:** Bid en vra die Here nou reeds vir drie mense wat jy kan nooi om 'n nuwe groep van vier te vorm. Onthou, ons bid vir die vermenigvuldiging van dissipels en dissipelmakers. Soos jy deur hierdie studiestukke werk, sal dit jou toerus om na 21 weke self ook 'n nuwe groep te begin.

**Dag 6**

Praat jy met ander oor wat jy uit die Woord van God leer?
Is daar iemand wat baat sal vind by wat jy oor die afgelope weke geleer het?

**Week 4**
**Wat het Jesus gesê oor die prys van dissipelskap**

**Discovery Bible Study (DBS)**

**Fellowship**

Die doel van die fellowship is baie belangrik: Ons ondersteun mekaar, ons help met raad en uitdagings en ons vier dit wat goed is in ons lewens.
Vrae:
1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

**Die Woord**

**Die Skrifgedeeltes waarop gefokus word:**

**Lukas 9:57-62 & Lukas 14:25-28**

Lees die Skrifgedeeltes.

Maak julle Bybels toe – vertel sonder interpretasie die storie – wat het jy gehoor?

Lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van 3 vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte? (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte? (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. *Wat dink jy: Waarom is hierdie gedeelte in die Bybel?*

**Gehoorsaamheid**

Van inligting tot gehoorsaamheid: Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer? Ons moet oorgaan van inligting na gehoorsaamheid:

Reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

*Hoe kan ek dit wat ek uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in my lewe?* Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie Skrifgedeelte? Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van hierdie Skrifgedeelte? Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek.

Met wie kan ek praat oor wat ek in hierdie Skrifgedeeltes geleer het?

**Bid saam.** Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God vir julle gesê het.

**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in 'n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op 'n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se "verantwoordelikheid" om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Verdere Studie in jou stiltetyd:**
**Dag 1: Soos skape onder wolwe**

*Jesus het gesê: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in* (Matteus 10:16.) Victor John, kerk-planter en die leier van 'n dissipelskap en dissipelmaker beweging van etlike miljoene mense in Indië, het gesê: Dit is immers onder die wolwe dat ons die skape sal vind. Die kerk, dit beteken die dissipels van Jesus, moet die wêreld ingaan.

Die wêreld is nie 'n vriendelike plek vir die kerk nie. Ja, op baie gebiede word die kerk gerespekteer. Maar op die meeste plekke en nasies regoor die wêreld is die kerk nie welkom nie. Die wêreld kan nie die kerk
akkommodeer nie, want die kerk moet vir die wêreld sê daar is 'n probleem in hulle lewens. Die kerk sal vir hulle moet sê hulle is onder God se oordeel en op pad hel toe, tensy hulle hul sondes bely en hulle bekeer. Dit is nie 'n gewilde boodskap in die wêreld nie. Die wêreld wil sy eie ding doen, volgens sy eie reëls leef en wil nie hê iemand moet vir hulle sê wat reg of verkeerd is, wat hulle mag en nie mag doen nie. Die wêreld sê dat hulle niemand sal toelaat om hulle te boelie tot hulle onderdanig is nie.

Jesus stuur ons doelbewus na die wêreld omdat dit sy redding, genesing, vergifnis en ewige Vaderskap nodig het.

**Gehoorsaamheid:** Sal jy gaan waarheen Jesus jou ook al stuur? Al is dit om na die wolwe toe te gaan?
**Belangrik:** Bou vriendskapsverhoudings met ongeredde mense. Ons moet uitreik na die ongereddes rondom ons. Een van die doelwitte van hierdie proses is om jou te help om effektief na ongeredde mense uit te reik en nuwe dissipelmakers te maak. Jesus het mense na Hom toe geroep (Lukas 5:32). Ons het dieselfde verantwoordelikheid.

**Dag 2: Waarna verwys ons as ons praat oor die koste van dissipelskap?**

*Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie* (Matteus 10:38). Die "prys" van dissipelskap begin wanneer ons onsself onderwerp aan die Koningskap van Jesus. Die Koningskap van Jesus is absoluut en ononderhandelbaar – dit vra vir totale oorgawe en totale gehoorsaamheid. Die konsep van iemand wat oor jou baasspeel en gehoorsaamheid eis, gee aanstoot in ons huidige samelewing. *Sommige verwys na wat ons prysgee*: 'n belowende loopbaan, roem en rykdom prysgee, nie hul "talente" gebruik nie. Die vraag is egter, is dit regtig ‘n prys wat betaal word? Is dit so erg om 'n loopbaan, roem en rykdom prys te gee en jou lewe so te leef dat dit nie tot jou eie voordeel en eer is nie? Kontrasteer dit met die versorging van die armes en verwaarloosdes, die verligting van pyn en lyding en die verkondiging van 'n boodskap wat letterlik miljoene mense se lewens tot in die vêrste ewigheid sal verander.

**Vraag:** Wat is die moeilikste ding wat jy voel God van jou kan vra? Hoe gaan jy dit hanteer?

**Dag 3: Die koste van dissipelskap**

*Dat ons ter wille van ons geloof vervolg sal word, staan vas. Dit weet julle* (1 Tessalonisense 3:3).

*Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly* (Handelinge 9:16).

Lees die gelykenis oor die koste van dissipelskap in Lukas 14:25-31.

As 'n opdrag van 'n aardse koning as 'n eer beskou word, hoe kan 'n opdrag van die Hemelse Koning as 'n offer beskou word? (David Livingstone).

Verlossing is gratis, maar dissipelskap kos jou jou lewe. (Dietrich Bonhoeffer).

Christus eis eerste plek in alles. En jy moet na Christus toe kom met die besef dat jy 'n prys sal moet betaal (Billy Graham).

Jesus het sy dissipels drie dinge belowe – dat hulle heeltemal vreesloos, absurd gelukkig en in voortdurende moeilikheid sou wees ( G.K. Chesterton).

Die grootste bedreiging vir die kerk vandag is aanhangers wat hulself Christene noem, maar nie eintlik belangstel om Christus te volg nie. Hulle wil naby genoeg aan Jesus wees om al die voordele te kry, maar nie so naby dat dit enigiets van hulle vereis nie (Kyle Idleman).

**Gehoorsaamheid:** Vervolging is nie iets wat die wêreld ooit sal verstaan nie. Hulle kan nie geestelike dinge onderskei nie. Maar as Christene moet ons nie wegskram van vervolging nie. Vir Christene is vervolging, die koste om Jesus te volg, so normaal soos asemhaal. Die vraag is: Kos jou navolging van Christus jou enigiets?

**Dag 4: Martelare deur die eeue**

*Jesus het gesê: Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem* (Johannes 15:20).

*Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie* (1 Petrus 4:12).

*Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom* (Handelinge 14:22).

*Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word* (2 Timoteus 3:12).

Gedurende die afgelope 2000 jaar het die kerk onbeskryflike vervolging gely. In die eerste 300 jaar na Christus was daar tien periodes van intense vervolging aan die hand van die Romeinse Ryk. In daardie periodes is daar soms honderde duisende Christene doodgemaak. Sedert die 7de eeu is miljoene Christene op die gruwelikste maniere deur Moslems vermoor. Dit gaan vandag onverpoosd voort. 'n Derde groot vervolger van Christene was kommunisme. Ontelbare miljoene Christene is ingesluit by die meer as 105 miljoen mense wat reeds onder kommunisme gesterf het.

As jy iets wil verstaan van die vervolging van Christene deur die eeue, lees Foxe's Book of Martyrs. Dit bevat verslae van vervolging gedurende die eerste 1563 jaar van die kerkgeskiedenis. Hierdie boek moet ten minste een keer in hul leeftyd deur elke Christen gelees word.

Jesus het gesê daar sal 'n tyd kom wanneer mense Sy volgelinge sal doodmaak omdat hulle sal dink hulle dien God. *Jesus het gesê, Hierdie dinge sê Ek vir julle sodat julle nie afvallig word nie. Die mense sal julle uit die sinagoges ban. Daar kom selfs 'n tyd dat elkeen wat een van julle doodmaak, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys* (Johannes 16:1-2).

**Gehoorsaamheid:** Is jy bereid om Jesus te volg, ongeag die gevolge?

**Dag 5: Die evangelie is radikaal**

*So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie* (Lukas 14:33).

*Toe het Hy vir almal gesê, As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou* (Lukas 9:23-24). Hierdie woorde van Jesus is radikaal en ekstreem. Maar die saak wat ter sprake is, is ook radikaal en ekstreem. Dit handel oor die ewige lewe en ewige dood, die heerlikheid van God, 'n boodskap wat hoop en genesing kan en sal bring waar dit ook al verkondig word.

*‘n Kerkleier:* "Ek het 'n diep begeerte om na die nasies te gaan. Maar ek het drie dogtertjies, en ek kan hulle nie neem na 'n situasie van gevaar of onsekerheid nie." Sy woorde trek 'n streep deur sy boodskap en maak dit kragteloos. Niemand het geglo dat hy die erns en koste van 'n volgeling van Jesus verstaan het nie.

Die koste weeg nie swaarder as die wins nie!

Paulus het gesê: *Maar wat eers vir my ’n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry* (Filippense 3:7-8). Kyk ook na wat Paulus skryf in 2 Korintiërs 4:7-12 en 2 Korintiërs 6:1-10.

Vir Christene vergelyk niks met "hierdie skat" wat ons in ons het en die voorreg en verantwoordelikheid om hierdie skat na ander mense te neem nie.

Jesus vra alles, maar Hy het reeds alles gegee.

**Gehoorsaamheid:** Wat sou vir jou te moeilik wees om op te gee indien Jesus dit sou vra?

**Belangrik:** Hou aan om te bid vir die ongeredde mense wat jy geïdentifiseer het. Wees sensitief vir die leiding van die Heilige Gees en vra Hom hoe om vir hulle te bid. Die Heilige Gees mag vir jou ander individue wys wat ook gebed nodig het.

**Dag 6**
Hoe Is God besig om jou lewe te verander?

**Week 5**

**Wat Jesus, die Seun van God, oor Homself sê**

**Discovery Bible Study (DBS)**

**Fellowship**

Die doel van die fellowship is baie belangrik: Ons ondersteun mekaar, ons help met raad en uitdagings en ons vier dit wat goed is in ons lewens.
Vrae:
1. Waarvoor is jy dankbaar?
2. Watter uitdagings het jy die afgelope week ervaar?

**Die Woord**

**Die Skrifgedeeltes waarop gefokus word:**

**Johannes 1:1-13; Johannes 3:16-18; Johannes 14:6-7**

Lees die Skrifgedeeltes.

Maak julle Bybels toe – vertel sonder interpretasie die storie – wat het jy gehoor?

Lees dit weer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van 3 vrae:

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte? (Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)
2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte? (Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)
3. *Wat dink jy: Waarom is hierdie gedeelte in die Bybel?*

**Gehoorsaamheid**

Van inligting tot gehoorsaamheid: Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer? Ons moet oorgaan van inligting na gehoorsaamheid:

Reageer op die Woord met 'n *I will statement* vir die week en deel dit met die groep. 'n *I will statement* is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

*Hoe kan ek dit wat ek uit hierdie gedeelte ontdek het, integreer in my lewe?* Hoe moet ek God gehoorsaam? Hoe kan ek vir ander tot seën wees? Wat en waaroor kan ek bid vanuit hierdie

Skrifgedeelte? Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van hierdie Skrifgedeelte? Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeelte? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou? Wees baie spesifiek.

**Bid saam.** Wanneer ons bid, staan ons in die teenwoordigheid van God. Dit is die belangrikste gesprek van julle tyd saam. Moenie hierdie gebedstyd verwaarloos nie. Bid vir mekaar en wat God vir julle gesê het.

**Dissipelskap aktiwiteite vir jou daaglikse lewe**

1. **Daaglikse gebed:** Dit is deur gebed dat ons die krag van die Heilige Gees ontvang, en in 'n dieper verhouding met die Here Jesus groei.
2. Doen jou ***I will statement*** elke week.
3. Bid op 'n vaste basis vir **ongeredde persone.** Laat die Heilige Gees jou lei om elke dag vir iemand te bid wat Hom nie ken nie, of wat apaties geraak het teenoor die Here.
4. Bid vir geleenthede om jou **getuienis met mense te deel** en hulle te vertel **waarom Jesus aarde toe gekom het.**
5. **Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn**, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Bid en vra die Here om jou te stuur na mense wat nood het of dat Hy hulle na jou toe sal bring.
6. Bid vir een of twee met die evangelie **onbereikte groepe en lande.**
7. Soek geleenthede om vir **siekes** te bid. Dit is ons voorreg om vir hulle te bid. Dit is God se "verantwoordelikheid" om te besluit hoe Hy wil antwoord.
8. **Bou verhoudings** met ongeredde mense.

**Verdere Studie in jou stiltetyd:**
**Dag 1: Wie is Jesus?**

Vir eeue voor sy geboorte het die Ou Testament Sy koms voorspel. Die Nuwe Testament probeer Hom beskryf – maar kan nie genoeg woorde vind om dit te doen nie. Maar genoeg word aan ons geopenbaar om te weet wie Hy is, om van ons sondes verlos te word, om te weet hoe om Hom te volg, 'n sinvolle lewe te leef en te verstaan wat ons eindbestemming is.

Ons moet eers vir onsself vasstel dat Jesus God is:
*Ek het dit self gesien en daarom getuig ek:*

*Hy is die Seun van God* (Johannes 1:34).

Ons het die volgende stelling in Johannes 1:1-3 wat bevestig dat Jesus die Skepper is, van ewigheid af daar was en dat Hy God is: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.*

EK IS – In Johannes 8:58 noem Jesus Homself "EK IS". Dit is dieselfde Naam wat God vir Homself gebruik het in Eksodus 3:14-15.

Ons lees ook dat Hy Adonai is – Soewereine Here. Meester (Genesis 15:2,8). Almagtig (Openbaring 1:8). Skepper van alle dinge (Kolossense 1:16). God van ewigheid (Jesaja

26:3). Sy Eniggebore Seun (Johannes 3:16). Seun van die Allerhoogste God (Markus

5:7). Hy is die ware God en die Ewige Lewe (1 Johannes 5:20).

Maar Jesus is ook Here. Hy is soewerein. Hy regeer. Hy is die Ewige Regter. Hy is Christus die Krag van God (1 Korintiërs 1:24). Regter van lewendes en dooies (Handelinge 10:42). Die Here God Almagtig (Openbaring 19:6).

Die Here Allerhoogste (Psalm 47:2). Here van almal (Handelinge 10:36). Here van die hele aarde (Sagaria 6:5). Hy is die Here van die here (Openbaring 17:14). Die Here ons Maker (Psalm 95:6). Die Here wat die hemele geskep het (Jesaja 45:18). Die Here ons Verlosser (Jesaja 43:14). Die Heerser oor die konings van die aarde (Openbaring 1:5).

**Gehoorsaamheid:** Watter Naam van Jesus staan vir jou uit? Wanneer jy aan hierdie name dink, watter uitwerking het dit op jou begrip van wie Jesus is?

**Belangrik:** Is daar iemand vir wie jy vandag kan gaan bid?

**Dag 2: Ons kan 'n persoonlike verhouding met Jesus hê**

*Hy is ons Verlosser* (Romeine 11:26). *Hy is 'n Vriend wat nader is as 'n broer* (Spreuke 18:24; Johannes 15:15). *Hy is God my Verlosser* (Lukas 1:47). *Hy is Immanuel, God met ons* (Matteus 1:23). *Ons Maker* (Jesaja 17:7). Thomas het geantwoord: *My Here en my God!* (Johannes 20:28). *My Verlossing* (Psalm 38:22). *Skaduwee van 'n groot rots in 'n droë land* (Jesaja 32:2). *Ek is jou skild, jou baie groot beloning* (Genesis 15:1).

Wie is Jesus vir jou? Jesus is nie 'n leerstelling nie. Hy is 'n Persoon. Hy is God. Hy is die Seun van God. Hy het ons gemaak. Hy hou ons vas. Hy hou alles in die heelal bymekaar – die hele uitspansel en elke sel in ons liggaam. In Hom leef en beweeg ons en het ons, ons wese.

Vir ons as mense begin dit alles by 'n persoonlike verhouding met Jesus. Jesus is nie 'n stel dogmatiese oortuigings en uitgebreide kennis oor die Drie-eenheid nie. Jesus het nie vir ons ‘n stel reëls en riglyne vir ‘n goeie lewe kom gee nie. Hy het Homself kom gee. In Christenskap gaan dit oor ‘n persoon: Jesus. Christene is volgelinge van Jesus.

Is Hy vir jou persoonlik? Ken jy Hom persoonlik? Baie sê hulle glo in Jesus. Selfs die demone glo God is een – en hulle sidder! (Jakobus 2:19). Daar is egter 'n verskil tussen om in Jesus te glo en Jesus te glo, Hom te ken, daagliks met Hom te wandel en Hom te gehoorsaam. Hy wil in ons woon.

**Wie is Jesus vir jou?** Wanneer jy aan Hom dink: Is Hy God? Is jy bereid om Hom te gehoorsaam?

Wie is daar met wie jy moet praat oor die feit dat Jesus God is? Is daar iemand wat jy weet vandag bemoediging nodig het?

**Dag 3: Jesus is die Here van ons verlossing**

*Hy is die Lam in die middel van die Troon* (Openbaring 7:17). *Die Lam verwys na Jesus, wat vir ons sondes geoffer is. Lam van God* (Johannes 1:29). *Die Lam wat geslag is* (Openbaring 5:12). *Lam sonder Vlek* (1 Petrus 1:19). *Die Verlosser van die wêreld* (1 Johannes 4:14). *Die Outeur van ons*

*Ewige Verlossing* (Hebreërs 5:9). *God ons Verlosser* (Lukas 1:47). *Die Here en Saligmaker, Jesus Christus* (2 Petrus 3:18). *Die Een wat die Versoeningsoffer vir ons Sondes is* (1 Johannes 2:2). *Die Verlosser* (Jesaja 59:20). *Die Verlosser van die wêreld* (1 Johannes 4:14). *Losprys* (Markus 10:45). Lukas 5:32 sê Hy: *Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.* In 1 Timoteus 1:15 lees ons: *Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.*

**Wat sê mense van jou:** Wanneer mense na jou lewe kyk, sal hulle sê dat Jesus jou Here en Verlosser is?
**Belangrik:** Bid vir geleenthede om waar moontlik jou getuienis en die evangelie met mense te deel. Bid vir ten minste een geestelike gesprek hierdie week.

**Dag 4: Jesus strek oor die eeue. Hy was daar in die begin – Hy sal altyd daar wees.**

*Hy is die Alfa en Omega* (Openbaring 3:14). *Die Bron van Ewige Verlossing* (Hebreërs 5:9). *Die Begin en Einde* (Openbaring 22:13). *Die Skepper van alle dinge* (Kolossense 1:16). *Die Skepper van die eindes van die aarde* (Jesaja 40:28). *Die Ewige Lewe* (1 Johannes 5:20). *Ewige Lig* (Jesaja 60:19-20). *Eerste en die Laaste* (Openbaring 1:17). *Hy wat Alles in Almal vul* (Efesiërs 1:23). *Die Here God, wat is en was en moet kom* (Openbaring 1:8). *Oue van Dae* (Daniël 7:13-14). *God van die Ewigheid* (Jesaja 26:3). *Ewige Vader* (Jesaja 9:6).

Die feit dat Hy van ewigheid tot ewigheid is, is die troos vir elkeen wat Hom aangeneem het as hulle Verlosser en Here. Soveel mense wil weet hoe oud die heelal is. Miskien 10 000, sê sommige, en ander sê 14 miljard jaar. Niemand weet regtig nie. Maar met groot sekerheid kan ons weet waar ons 14 miljard jaar van nou af sal wees!

Hierdie feit gee stabiliteit in die hart van 'n Christen, gee betekenis aan die lewe en bied ewige hoop. In Christus alleen het ons ewige hoop – die Een wat alles geskep het en die Een wat alles onderhou. *Hy wat alles in almal vul* (Efesiërs 1:23) en is die *Onderhouer van alle dinge* (Hebreërs 1:3).

**Belangrik:** Bid vir geleenthede om uit te reik na die pyn, verlorenheid en gebrokenheid in die wêreld rondom jou. Hoe kan jy 'n seën vir mense wees? Onthou dat wanneer ons tot God bid, Hy ons na sulke mense sal stuur of hulle na ons toe stuur.

**Dag 5: Jesus is voldoende vir al ons behoeftes**

Jesus is voldoende vir al ons behoeftes. Hy is die Voorsiener. Hy onderhou en beskerm ons. Hy weet dat almal van ons sondig is en dikwels struikel. Hy maak voorsiening daarvoor. Jesus kan nie verbaas wees oor die omvang van ons behoeftes of ons probleme nie. Jesus kan nooit die punt bereik waar Hy nie weet hoe om ons te help of ons nie sal kan help nie. Hy het medelye met ons swakhede en het daarvoor voorsiening gemaak.

*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus* (Filippense 4:19).

*Die oog gevestig op Jesus, die Begin (Stigter) en Voleinder (Vervolmaker) van die geloof* (Hebreërs 12:2).

*Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie* (Hebreërs 4:15).
Wie is Jesus vir jou? In watter mate kan jy sê jy leef in gehoorsaamheid aan hom? Kan jy sê jy is lief vir Hom, of het jy net 'n intellektuele verhouding met hom? Hoe dink jy "voel" Jesus oor jou? Hoe sal jou lewe anders wees as Jesus nie in jou lewe is nie?

**Hoe moet jou lewe lyk?** Hoe moet jou lewe verander in die lig van wie Jesus is?

**Dag 6**: Die meeste evangelies-Protestantse kerk, gebruik die Apostoliese Geloofsbelydenis en om te verklaar wat hulle oor Jesus glo.

Ek glo in Jesus Christus, sy (God die Vader)

eniggebore Seun,

ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is;

gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van die God, die Almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel oor die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.